1 September

Skrifgedeelte: Galasiërs 5:13-26

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:22, 23 (AFR53/83/2020)

## Ons moet geduld as vrug van die Gees vertoon

As gelowiges lewe ons deur die Gees en Hy bepaal ook ons gedrag. Ons moet sekere geestelike kwaliteite of eienskappe vertoon. Hierdie geestelike kwaliteite word die vrug van die Gees genoem. Een daarvan is geduld. Die Griekse woord vir geduld is 'n samestelling van twee woorde – groot of lank én om hard asem te haal.

Wanneer haal mens hard asem? Wanneer jy geskrik het of voluit gehardloop het en uitasem is, of wanneer jy ontsteld of kwaad is oor iets. Die Griekse woord vir geduld beteken letterlik om lank te vat om hard asem te haal met die afgeleide betekenis "stadig om kwaad te word".

In die samelewing waarin ons lewe, is daar deurlopend situasies wat ons geduld beproef. Ons raak so maklik ongeduldig. Dit is 'n oorblyfsel van die sondige natuur waarteen ons moet stry. Geduld is iets wat moeilik is om aan te leer. God gee dit egter in sy genade aan ons as vrug van die Gees. Dit is as't ware iets van Homself. Ons lees in Psalm 103:8 (AFR2020): *"Barmhartig en genadig is die HERE, geduldig en oorvloedig in troue liefde"* en Romeine 2:4 (AFR83): *"God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld!"*

God tree met soveel geduld teenoor ons as sondaarmense op. Hy word nie gou kwaad nie. Ons verdien sy toorn en oordeel. Hy stuur eerder sy eie Seun na die wêreld. Met groot geduld met die mensdom het Jesus Christus sy Vader se reddingsplan kom uitvoer. Hy word verwerp en uiteindelik gekruisig. God se toorn oor ons sondes brand op Hom neer. Sy oordeel oor ons word aan sy Seun voltrek ... en ons word vrygespreek. Ons kan nie anders nie. Ons moet geduld as vrug van die Gees as deel van ons dankbaarheid vertoon.

*Sing: Psalm 103-2:3*

*Ds. AL (Abri) Pelser (Bethlehem)*